

# Gereformeerde Kerk Bellville – 14 Augustus 2016 – Oggend

**Sing vooraf staande: Psalm 95:1, 3 (p. 477)**

- 1 Kom, laat ons jubel voor die HEER, / laat ons Hom toesing lof en eer –  
die rots van heil wat ons oordek het. / Laat ons met lof en eerbiedsgroet  
sy vriendlike aangesig ontmoet / wat nuwe vreugde in ons gewek het.
- 3 Die woeste see het Hy gemaak, / die rotse wat ons kus bewaak  
en wydgeleë wêreldlande. / Kom, laat ons voor sy voete aanbid:  
sy grootste skeppingsdaad is dit, / en ons die maaksel van sy hande.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Lofpsalm 66:1, 2 (p. 320)**

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!  
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.  
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;  
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;  
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.  
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.  
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

**Geloofsbelydenis: Apostolicum**

**Wet**

**Psalm 86:3, 6 (p. 432)**

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;  
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.  
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!  
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smee.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;  
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.  
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,  
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

**Gebed**

**Psalm 66:5, 7 (p. 321)**

- 5 U het, o HEER, deur vyandshande / ons in die vangnet ingevoer;  
U het rondom met enge bande / in diensbaarheid ons ingesnoer;  
die oorlogspere en sy beryder / het ons vertrap; deur vloed en vuur  
het ons gegaan – maar ons Bevryder / het sy verkwikking ons gestuur.
- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!  
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.  
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;  
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

**Skriflesing:** Daniël 3:1-23

**Kernverse:** Daniël 3:16-18

**Sadrag, Mesag en Abednégo het geantwoord en aan koning Nebukad-nésar gesê: Ons ag dit nie nodig om u hierop 'n antwoord te gee nie. As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos; maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie.**  
(Daniël 3:16-18 AFR53)

**Tema:** Ware geloof word met geloofsdade bevestig

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, om in die enigste lewende God te kan glo, is beslis een van die grootste geskenke wat 'n mens kan ontvang. Geloof is nie iets wat die Here aan die mensdom skuld nie. Trouens, die Here is en was nog nooit by die mensdom in die skuld nie. Dit is eintlik net mooi andersom; die mensdom is by die Here in die skuld. Die eerste twee mense wat deur die Here geskep is, was volmaak. Hulle het die Here volmaak geken, liefgehad en gedien. Die mens is immers geskep om God spontaan te loof en te prys, soos wat Adam en Eva dit aanvanklik ook gedoen het.

Met die sondeval het daar egter 'n geweldige groot breuk tussen die mense en God ontstaan. In plaas daarvan om spontaan die Here lief te hê en te dien, het die mens nou die natuurlike geaardheid om teen die Here te wees en alles te doen wat getuig van haat teenoor die Here en ander mense. God wil egter nie so 'n stukkende skepping hê nie. Daarom het Hy net na die sondeval al belowe dat Hy sy skepping sal heelmaak.

Wanneer die Here die mens begin heelmaak, gee Hy aan die mens wat die mens in sy eiewysheid verloor het – geloof in God. Die Heilige Gees gee geloof aan die mens deur die Woord van die Here. Hierdie geskenk veroorsaak dat 'n mens kan terugdraai na die Here toe. Die mens wat hierdie geskenk van geloof ontvang het ondervind dat hy die Here wil liefhê, beter wil leer ken en Hom van harte dien.

Om geloof in God te hê is inderdaad 'n baie groot geskenk, en hulle wat dit ontvang het dank die Here daarvoor. As sy Gees nie in ons gewerk het nie, sou ons steeds ongelowiges gewees het. Tog het die Here nie aan ons geloof gegee sodat ons elkeen – afsonderlik en privaat – Hom sal dien en liefhê nie. Hy wil hê dat wat die Heilige Gees in ons harte werk gehoor word. Ons moet ons geloof in God met woorde hardop bely. Hy wil hê dat ons van Hom sal getuig sodat ander mense ook van Hom sal hoor en hulle bekeer. Jesus laat ons duidelik verstaan: Elkeen wat vir ander mense van Jesus vertel, kan seker wees dat Jesus ook vir hom sal getuig voor sy Vader wat in die hemel is. Maar elkeen wat Jesus nie voor ander mense wil ken nie, moet weet dat Hy daardie mens ook nie sal ken wanneer Hy met sy Vader in die hemel praat nie (Matt 10:32-33).

Ons kan dus hierdie afleiding maak: Om in God te glo is wonderlik, want deur die geloof in Jesus Christus kan ons weet dat ons gered is; om van ons geloof in God te getuig en vir ander mense van Hom te vertel is goed, want dan doen ons wat die Here van ons verwag. Dan dien ons Hom regtig en wys ons dat ons liefde vir Hom nie maar net 'n gevoel is nie. Ons kan nie stilbly oor Hom vir wie ons lief is nie. Maar geloof beteken nie net dat ons 'n verhouding met die lewende God het en onophoudelik daarvoor praat nie. Geloof in die Here moet uiteindelik voluit uitgeleef word. Ons dade moet bevestig dat ons geloof waar en eg is. As ons geloof nie met dade bevestig word nie, is ons woorde oor die Here maar

net praatjies wat op die ou end niks beteken nie. Met ons Skrifgedeelte lei die Heilige Gees ons vanoggend om juis raak te sien dat ons geloof nie net hoorbaar nie maar ook sigbaar sal wees.

Broers, susters en kinders, in die vorige episode van God se geskiedenis met Daniël en sy drie vriende het die Here die toekoms oor menslike koninkryke, waarvoor koning Nebukadnesar gewonder het, in 'n droom geopenbaar. Aanvanklik het hierdie droom Nebukadnesar verskriklik ontstel sodat hy selfs soos 'n diktator opgetree het. Die Here het egter die droom en die uitleg daarvan aan Daniël bekend gemaak, want die Here is in sy werke nie net met sy gelowiges besig nie maar ook met die ongelowige Nebukadnesar.

Deur die droom en die uitleg daarvan het die Here vir Nebukadnesar geroep tot bekering en geloof in Hom. Nebukadnesar het tot op die drumpel gekom om te erken dat daar inderdaad net een God is, naamlik die God van hemel en aarde wat deur Daniël en sy vriende gedien word. Maar hy wou homself nie aan die Here onderwerp en erken dat Daniël se God die enigste Here is nie. Nebukadnesar het net sover gekom om te erken dat Daniël se God die grootste van al die gode is. Met ander woorde, vir Nebukadnesar was God maar net die hoofgod van al die gode wat hy geken het.

In plaas daarvan om homself aan die Here alleen toe te wy en te begeer om 'n burger in God se koninkryk te word het Nebukadnesar alles in werking gestel om weer teen die koninkryk van God te werk. Hy was dankbaar oor die uitleg van die droom wat hom so ontstel het, want nou was hy ontslae van die nagmerries wat hom so getreiter het. In sy vermetelheid het Nebukadnesar gebruik gemaak van wat die Here aan hom geopenbaar het om teen God se koninkryk te werk.

Hy het liefsvolgeet van die onaangename deel van die klip wat die beeld van menslike koninkryke verpletter. Die aangename deel in die droom wat oor sy koninkryk gehandel het, naamlik die kop van goud, het hy graag onthou en verder daarop uitgebou. Daarmee saam het hy onthou dat die Here gesê het dat menslike koninkryke, hoe sterk hulle ook mag wees, op voete van klei staan. Maar dit is ook al wat Nebukadnesar van die broosheid van die mens onthou het. Hy wou nie besef dat 'n mens broos is omdat hy hom nie aan die Here onderwerp nie.

Nebukadnesar was immers besig om vir homself 'n koninkryk te vestig wat indrukwekkend en groots is. Daarom het hy vir Daniël en sy vriende, manne met insig en verstand, in sy regering ingesluit. Maar al hierdie volke wat Nebukadnesar oorwin het, moes nog tot 'n hegte eenheid saamgebind word, anders staan sy koninkryk ook op voete van klei. En wat is nou beter as godsdiens om mense saam te bind? Maar dit moenie sommer so 'n godsdiens wees nie. Dit moet groot en indrukwekkend wees en dit moet 'n algemene godsdiens wees. Elke onderdaan van Nebukadnesar, van watter volk met watter godsdiens ook al, moes hulle met hierdie nuwe godsdiens van Nebukadnesar kan vereenselwig. Elkeen in die samelewing moes voel dat hy deel van hierdie groot eenheid is en hulle moes beleef dat hulle behoort tot iets wat die moeite werd is. En vir die mens is iets die moeite werd wanneer dit waaraan hy deelneem aantreklik is.

Wat Nebukadnesar gedink het oor die mense in sy koninkryk geld vandag nog net so. Daar is vandag steeds mense wat die groot en indrukwekkende dinge in die godsdiens opsoek. Sommige mense wat hulleself Christene noem trek net in groot getalle saam in 'n geloofsoefening. 'n Mens hoor dit male sonder tal dat jongmense gemakliker voel wanneer daar baie van hulle is wat in 'n erediens bymekaar is om die Here te loof en te prys. Die getalle en die musiek moet groot en indrukwekkend wees anders werk dit nie vir hulle nie.

Dit is inderdaad aangenaam wanneer groot getalle mense saam met jou die Here in sang dien en aanbid. Dit is ook goed as die musiek tot verering van die Here is. Ons moet ons mond oopmaak en van die Here getuig. Maar is 'n ere diens net die moeite werd wanneer dit so groot en aantreklik is? Kom ons hou hierdie vraag vas en luister wat die Here verder aan ons sê.

Nebukadnesar het sy vakmanne en musikante ingespan om uitvoering te gee aan hierdie nuwe dryfkrag wat hy het om sy koninkryk tot 'n hegte eenheid saam te bind – 'n eenheid wat bestand sou wees teen daardie klip wat dreig om alle menslike koninkryke ter wille van God se koninkryk te verpletter. En die gevolg was 'n dertig meter hoë goue beeld waarvoor elke onderdaan in die Babiloniese ryk die knie sou buig en dit sou aanbid sodra die musiek hulle meevoer. En om te wys dat hy ernstig daarvoor is dat almal eendragtig sal wees in hierdie nuwe algemene godsdienst het Nebukadnesar 'n brandende oond gehad. As iemand wou dwarstrek en nie deelneem aan hierdie algemene godsdienst nie, moes hy weet dat hy in die brandende oond sou sterf. Maar Nebukadnesar het nie gedink dit sou nodig wees om iemand in hierdie oond te gooi nie. Hierdie nuwe godsdienst is immers so ruim dat elke mens in sy koninkryk daarby sou inval, selfs die Jode wat die hoogste God aanbid, kan daarby inval, so het Nebukadnesar geredeneer.

Aan die begin het alles volgens plan verloop. Sodra die musiek weerklink, het almal eendragtig neergebuig voor die beeld en dit aanbid. Nebukadnesar het gedink hy het nou inderdaad 'n onvernietigbare koninkryk gevestig. Maar toe kom hierdie berig by die koning uit: Daar is Jode, Sadrag, Mesag en Abednego, vir wie u in beheer van die administrasie van die provinsie Babel geplaas het, wat hulle nie steur aan u bevel nie. Hulle dien nie u god nie, hulle aanbid nie die goue beeld wat u laat oprig het nie.

Hierdie drie vriende sou seker nie 'n openlike konfrontasie met Nebukadnesar gesoek het nie. Hulle het stilweg probeer om nie hulle afgeskeidenheid te openlik te maak nie. Hulle sou ook gehoop het dat niemand sou opmerk dat hulle nie teenwoordig was elke keer wanneer die musiek speel en die ganse koninkryk buig voor die beeld nie. Afgesien van hierdie stille afskeiding van Nebukadnesar se afgodery, het hulle reeds vir hulleself duidelikheid gekry waarom hulle nie voor die beeld buig nie. Sou daar 'n konfrontasie kom, is hulle gereed om 'n antwoord te gee. En toe hulle daartoe gedwing word om 'n antwoord te gee, het hulle nie gehuiwer nie. Niemand, nie eers Nebukadnesar, moes twyfel aan hulle geloof in die ware God nie. Daarom het hulle duidelik gesê: U moet weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie.

Hierdie antwoorde van Sadrag-hulle was nie maar net 'n antwoord wat hulle in die hitte van die oomblik gegee het omdat hulle toe eers besluit het om nie die beeld te aanbid nie. Omdat hulle van die Heilige Gees die geloof ontvang het, het hulle in algehele toewyding aan God gelewe. Destyds toe dit maar net oor kos gehandel het, het hulle geleer om hierdie geloof in God uit te leef deur nie van die koning se kos te eet nie. In daardie klein treetjie wat hulle toe gegee het, het hulle gesien dat hulle deur die krag van God in staat is om in die geloof staande te bly. Die Here het hulle geseën omdat hulle aan Hom getrou gebly het in die klein dingetjies. Omdat hulle aanhoudend getrou wou bly deur die geloof, was dit vir hulle ook moontlik om voor die tyd reeds te besluit dat hulle ook in hierdie groot konfrontasie getrou sou bly aan die Here.

In hulle getrouheid aan die Here het die Heilige Gees hulle staande gehou en hulle die moed gegee om met waardigheid die koning te antwoord en te sê: **Ons ag dit nie nodig om u hierop 'n antwoord te gee nie.** Hulle beklemtoon dat daar nie 'n manier is dat hulle met die koning oor hulle God gaan argumenteer nie. Hulle God is die enigste God en

hulle dien Hom alleen. Met hierdie antwoord het Sadrag-hulle ook duidelik verklaar dat dit nou nie meer die tyd is om met woorde hulle geloof hoorbaar te maak nie, maar om dit met daade sigbaar te maak. Nebukadnesar moet leer dat die God van Sadrag-hulle nie maar net 'n godsdienstige besprekingspunt is nie, maar dat Hy die lewende Here van die geskiedenis is. Nebukadnesar moet ook leer dat Sadrag-hulle se God nie maar net drome gee nie, maar dat Hy ook onwrikbare geloof gee sodat sy diensknegte Hom met daade kan dien.

Geliefdes, daar is 'n tyd om te praat en daar is 'n tyd om stil te bly. Ons het wysheid nodig om te weet wanneer ons wat moet doen, en moed om nie een van die twee na te laat nie. So baie keer is dit tyd om te praat en te getuig van ons geloof in Jesus Christus, maar so baie van ons deins daarvoor terug omdat ons skaam, bang en nie self oortuig is van ons geloof nie. Maar soms is dit nodig, soos vir hierdie drie manne, om nie meer te praat nie, maar dat ons ons geloof met daade sigbaar sal maak. As hierdie drie manne nie nou met daade hulle geloof sou bevestig nie, sou al die woorde wat hulle voorheen gepraat het, maar net praatjies wees.

Jesus se lewe op aarde word grootliks gekenmerk deur die baie woorde wat Hy gepraat het. Toe die tyd van sy kruisiging aangebreek het, het Hy egter meer stilgebly as gepraat. Voor sy regters het Hy nie lang preke afgesteek nie, maar net die vrae kort en kragtig beantwoord. Voor Herodes het Jesus egter geen woord gesê nie. En toe Hy uiteindelik aan die kruis vasgespyker was, was Jesus woorde min maar baie kragtig, want Hy het met sy kruisdood die volle wil van God gepreek, naamlik dat sy Vader mense van hulle sonde wil red deur Jesus se dood.

Die enkele woorde wat hierdie drie manne tog gepraat het, was betekenisvol. Ons het ons God vir wie ons dien. Hy is ons God, want ons behoort aan Hom. En Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. Sadrag-hulle weet dat niks vir God onmoontlik is nie. Hy sal hulle red uit die mag van Nebukadnesar. Selfs as hulle in die oond sou sterf, sou die Here hulle red uit Nebukadnesar se hand, want die koning kan net hulle liggame skade aandoen, maar aan hulle siele kan hy niks doen nie. Hoe die Here hulle ook al in sy koninkryk wil gebruik, laat hulle aan die Here oor. Hy is alwys om sy koninkryk te vestig met hulle – lewendig of dood. Hulle bly aan die Here getrou, want Hy is hulle God.

Geliefdes, ons kom terug na die mense wat net in groot getalle wil saamtrek in geloofs-oefening. Dit is goed om jou mond oop te maak oor jou geloof in die Here, maar watter effek het jou geloof die afgelope maand daar in jou huis gehad of by die werk of by die skool?

Kom ons vra die vraag ook vir onself: Bevestig my en jou daade dat ons geloof in die Here nie maar net 'n gevoel of praatjies is nie? Tot dusver het die Here dit nog nie vir ons beskik om in 'n brandende oond gegooi te word omdat ons onwrikbaar in Hom glo nie. Tog bring Hy ons in omstandighede waar ons nie net meer moet sê dat ons glo nie maar doen wat ons glo, selfs al beteken dit dat ons die ongewildste mense word; ja, selfs al beteken dit dat ons menslike gesproke onself te na kom in die proses.

Ons geloof is immers nie aan ons gegee sodat die lewe vir ons hier op aarde gemaklik en gerieflik moet wees nie, maar sodat die Here daardeur verheerlik word. Indien ons skadelig, liggaamlik of geestelik, deur ons geloof openlik teenoor ander mense uit te leef, sal die Here ons ook daardeur beskerm sodat ons nie van sy liefde geskei kan word nie. Ons laat

dit in die Here se hand hoe Hy ons ook in sulke omstandighede wil gebruik tot sy eer en tot voordeel van ander mense.

Om in God te glo is heerlik en wonderlik, want jy het 'n verhouding met die enigste lewende God. Om jou geloof hardop te bely, is reg, want op hierdie wyse word ons verhouding met die Here hoorbaar. Ons praat immers oor Hom vir wie ons van harte lief is. En soms bring die Here ons in situasies waar ons hierdie geloof in God moet uitleef deur te doen wat ons glo. Mag die Heilige Gees aan ons die wysheid en deursettingsvermoë gee om ook dan nie die Here te teleur te stel nie.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 91:6, 8 (p. 461)

- 6 Rondom jou ruis die eng'levoet / met liggewiekte treë,  
hul kom die wand'laar tegemoet / en lei hom op sy weë.  
Hul bied op Gods bevel hom aan / die hulp van will'ge hande,  
en dra hom, waar die reispad gaan / oor ruwe rotserande.
- 8 "Hy roep, en Ek beskerm hom daar, / totdat die nood verby is;  
Ek lei hom na die hoogtes waar / 'n eerkrans hom berei is.  
Die menseleef tyd, vlug en kort, / verleng Ek uit genade,  
sodat hy blye aanskouer word / van al my reddingsdade."

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

**Katkisasieopening**

Psalm 8:1, 3, 4 (p. 30)

- 1 Daar is geen land so ver of woës geleë, / geen strand, o HEER, of wilde waterweë,  
geen hemelsfeer in die oneindigheid – / of orals blink u Naam en majesteit.
- 3 As ek, o HEER, u nagtelike hemel / daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;  
hoe, deur U toeberei, die skugter maan / met stille gang oor sterrevelde gaan –
- 4 wat is die mens dan dat U hom gedenk het, / die mensekind wat U so ryk beskenk het!  
Met eer en heerlikheid is hy gekroon, / skaars minder as die eng'le om u troon.

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
14 Augustus 2016